

# St. Andreas Bobola

## 21 Mei

(1590-1657)

Hierdie Poolse edelman sluit in 1622 by die Jesuïete aan. Hy word in 1630 owerste in Bobrujisk (in modern Belarus). Daar word hy bekend as prediker en sieleherder en tydens 'n pes epidemie doen hy geweldig baie om die siekes en behoeftiges by te staan. In 1636 word hy na Litaue gestuur om missies te preek en daar haal hy hom die gramskap van die plaaslike Protestante en Ortodokse gelowiges op die hals. Om hom veilig te hou gee prins Radziwill hom 'n huis in Pinsk waarvandaan hy kon uitgaan en missies preek. Dit bied ook veilige huisvesting aan ander Jesuïete priesters wat vervolg is. Op 10 Mei 1657 word Andreas deur twee Kosakke ontvoer, gruwelik gemartel en uiteindelik onthoof. Sy oorskot is later na Polosk geneem en daar begrawe.

© Die Oratorium Uitgewery